Die Voortrekkers

Hoofleierswag/Presidentverkennertoekenning 2013

Geagte Kommandoleier

Graag neem Die Voortrekkers die vrymoedigheid om u te vra om die getuigskrif te voltooi. Die onder genoemde kandidaat is jeuglid in u kommando. Hy is 'n moontlike kandidaat vir die hoogste toekennings wat 'n hoërskool Voortrekker kan behaal, naamlik Hoofleierswag of Presidentverkenner. Hierdie toekennings span die kroon op die kandidaat se betrokkenheid as jeuglid van Die Voortrekkers. Om te kwalifiseer vir genoemde toekennings moet die kandidaat aan die vereistes soos in die Prospektus omskryf, voldoen.

Aangesien Christenskap, Burgerskap en Afrikanerskap in Die Voortrekkers ons prioriteit is, is die inligting in die getuigskrif baie belangrik. Ons versoek u vriendelik om die onderstaande vorm volledig te voltooi en soveel moontlik inligting aan Die Voortrekkers te gee in verband met die betrokke kandidaat.

Omdat u die kandidaat waarskynlik die beste van ons almal in hierdie proses ken, moet die waarde van hierdie getuigskrif nie onderskat word nie. Ons vra dat u die moed van u oortuiging sal hê om 'n deurdagte opinie te gee.

U insette word waardeer en sal as vertroulik hanteer word. U mag onder GEEN omstandighede die voltooide vorm aan enige persoon gee sonder dat dit in 'n geseëlde koevert geplaas is en u besonderhede daarop aangebring is vir kontrole doeleindes nie. Maak asseblief seker dat die volgende inligting op die koevert aangebring word:

- Naam en van van kandidaat
- Instansie wat die getuigskrif voltooi – Kommando
- U naam en van
- Datum waarop die getuigskrif voltooi is

Teken asseblief op die agterkant van die koevert oor die seël.

Ek dank u byvoorbaat vir u samewerking in die verband.

Vriendelike groete

Ds. Willem Petzer
Adjunkhoofleier: Verkennersake

Die Voortrekkers

HW/PV proses 2013

Getuigskrif ingevul deur 'n verteenwoordiger van die kommando

Naam en van van die kandidaat: _____

Beoordeel asseblief die kandidaat deur 'n kruisie in die ooreenstemmende blokkie te maak. Gebruik die volgende evalueringskaal:

4 = Uitstekend
3 = Goed
2 = Swak
1 = Onaanvaarbaar

Gesagsaanvaarding	**4**	**3**	**2**	**1**
Integriteit / Betroubaarheid	**4**	**3**	**2**	**1**
Sedelike gedrag (Gewoontes van rook, drank, dwelms of seksuele gewoontes)	**4**	**3**	**2**	**1**
Vermoë om groepsdruk te hanteer	**4**	**3**	**2**	**1**
Uitlewing van die *ABC* in Voortrekker terme	**4**	**3**	**2**	**1**

Enige addisionele inligting (positief of negatief) wat u onder die evalueringspaneel se aandag wil bring:

_____

_____

_____

_____

_____

Dui aan vir watter een van die twee toekennings u die kandidaat aanbeveel:

Geen toekenning	Hoofleierswag	Presidentverkenner

Indien u die kandidaat nie aanbeveel vir Presidentverkenner nie, verskaf asseblief redes onder addisionele inligting.

Persoonlike besonderhede van die persoon wat die getuigskrif voltooi:

Naam en van: _____

Hoedanigheid: _____

Kontaknommer: _____

_____ _____

Handtekening Datum